
GELOOF In Die Woord



FAITH In The Word

Geloof is uit die gehoor en die gehoor is deur die Woord van God Rom. 10:17

Faith cometh by hearing and hearing by the Word of God. Rom. 10:17

POSBUS 232, BALLITO, 4420 · TEL: (032) 551 1836 / 551 2419 · FAKS: (032) 552 5411

WEBSITE: www.stangerchristiancentre.com E-MAIL:stangerchristiancentre@gmail.com

VIER STAPPE TOT OORWINNING

Hierdie wetboek mag nie uit jou mond wyk nie; maar bepeins dit dag en nag, sodat jy nougeset kan handel volgens alles wat daarin geskrywe staan; want dan sal jy in jou weë voorspoedig wees, en dan sal jy met GOEIE GEVOLG (sukses) handel (Jos. 1:8).

In hierdie vers word daar aan ons drie stappe tot voorspoed en sukses gegee. Die vierde stap wat ons gaan bespreek is eintlik die resultaat as die eerste drie doelbewus geneem word. As hierdie stappe geneem word is daar 'n outomatiese resultaat. Ons moet nie wag totdat 'n probleem opduik of 'n berg in ons pad kom voordat ons hierdie stappe neem nie. ONS BEHOORT HIERDIE STAPPE DAAGLIKS UIT TE LEEF. Waarom begin jy nie nou nie, en ondervind hoe jou lewe verander.

EERSTE STAP

EET DIE WOORD: Hierdie wetboek (Woord van God) mag nie uit jou mond wyk nie.

Jeremiah het gesê: Toe U Woorde gevind is, het EK HULLE OPGEËET, en U Woord was vir my vreugde en vrolikheid vir my hart... (Jer. 15:16). As jy nie in "vreugde en vroliheid" lewe nie, dan stel ek voor dat JY DIE WOORD MOET EET deur **jou daarop toe te lê** om dit te leer ken (2 Tim. 2:15). As jy jou gedagtes gedurig hernu deur die Woord, vind jy dat 'n man blydskap het in die regte antwoord van sy mond (Spreuke 15:23). Jy moet 'n dader van die Woord wees. Soos jy gedurig met jou mond jou vreugde in die Here bely, sal JY DIE WOORD EET en die Woord sal kragtig in jou werksaam wees.

God sê **dat Hy Sy Woord uitgestuur het en dat Hy hulle kon gesond maak en hulle uit hul kuile red (Ps. 107:20).** Salomo verklaar dat die Woord genesing (medisyne) is (Spreuke 4:22). Die Woord is vir ons werksaam as medisyne as ons dit inneem in ons gees en dit met ons mond uitspreek. Let op dat Jeremia vorentoe sê dat hy **woorde gevind het** – HY MOES HULLE GESOEK HET! Salamo beklemtoon die belangrikheid van hierdie soeke in **Spreuke 2:4 en 5: As JY DAARNA (WYSHEID, KENNIS, INSIG) SOEK SOOS NA SILWER, EN DIT NASPEUR SOOS VERBORGE SKATTE, DAN SAL JY VERSTAAN EN DIE KENNIS VIND. Spreuke 24:14: Erken dat die wysheid so is: AS JY DIT VIND, dan is daar 'n toekoms, en jou hoop sal nie verydel word nie.** Dawid het gesê: **Hoe soet is u beloftes vir my VERHEMELTE (Smaak), meer as heuning vir my MOND (Ps. 119:103).**

Let op die volgende Bybelverse wat die verband tussen God se Woord, jou gesproke woord en jou gees aandui. **Neem tog UIT SY MOND ONDERRIG AAN, en lê sy WOORDE WEG IN JOU HART (Job. 22:22).**

Laat die WOORDE VAN MY MOND en die OORDENKINGE VAN MY HART welbehaaglik wees voor U aangesig, o Here, my rots en my verlosser (Ps. 19:14).

Laat jou HART MY WOORDE VASHOU, onderhou my gebooie, dan sal jy lewe (Spreuke 4:4).

As julle in my bly, en my WOORDE IN JULLE, sal julle vra net wat julle wil hê, en julle sal dit verkry (Joh. 15:7). Naby jou is die Woord, IN JOU MOND EN IN JOU HART. Dit is die Woord van die Geloof wat ons verkondig (Rom. 10:8).

TWEEDE STAP

DINK DIE WOORD: Bepeins dit dag en nag.

Hierdie stap is die sleutel tot die verstaan van die Woord. Bepeinsing of meditasie is iets

(Vervolg op Bl. 2)

(Vervolg vanaf Bl. 1 - Vier trappe….)

waarvoor ons almal baie tyd het. Om vir lang ure God se Woord te bestudeer is miskien vir sommige werklik onmoontlik weens lang werksure, en moenie dat Satan hierdie situasie gebruik om vir jou moedeloos te maak deur vir jou te sê dat as jy nie hierdie lang studie-ure kan hê nie, jy jou tyd mors met God se Woord nie! As Bybelse meditasie of bepeinsing verstaan word, sal ons nog in die posisie wees om ons gees oop te stel om openbarende kennis op te doen. Ons het almal tyd om die Woord te oordink. Terwyl jy werk toe ry in jou motor, terwyl jy skottelgoed was, kruideniersware koop, gras sny, teebreek hou, terwyl jy klere stryk – daar is soveel geleenthede. Soos jou gees ontwikkel sal jy vind dat jy kan mediteer en insig vind selfs terwyl jou oë en verstand besig is met iets anders. Tog is dit belangrik om te onthou dat jy slegs hierdie soort van bepeinsing van die Woord kan doen as jy wel tyd daaraan bestee om dit te lees en te bestudeer. Want hoe sal jy iets kan oordink en verstaan as jy dit glad nie lees of bestudeer nie.

En jy kan gerus weer jou eie skedule in oënskou neem onder leiding van God se Heilige Gees en jy sal vind jy kan jou sake en verpligtinge so reël dat jy meer tyd aan God se Woord bestee. Die goue reël is altyd**: Maar soek eers die koninkryk van God (Matt.6:33)..**

Dawid het ook die meditasie van God se Woord effektief gevind. **Ps. 1:2: Maar sy BEHAE is in die wet van die Here, en hy OORDINK SY WET DAG EN NAG.** Die Woord mediteer in Hebreeus beteken: "Om te praat, om te verbeel, om te prewel." **Ps. 63:6: as ek aan U dink op my bed, in die nagwake OOR U PEINS.** Ek het gevind dat soos ek my menslike gees oefen om met God te kommunikeer, so word ek sensitief vir God se stem, leiding en rigtingwysing. Wanneer my gees sensitief ingestel is teenoor God het ek gevind dat selfs in die nag my gees met God in verbinding is, terwyl my liggaam rus en my siel (verstand) onaktief is. **Ps. 77:13: ek wil al U werk OORDINK, en ek wil PEINS oor U dade.**

In die Bybel vind ons groot Godsmanne wat God se Woord bestudeer en bepeins het: Jesaja, Dawid, Isak en vele ander.

DERDE STAP

DOEN DIE WOORD: Sodat jy nougeset kan handel volgens alles wat daarin geskrywe staan.

Hierdie is die belangrikste stap. Dit is absoluut noodsaaklik. Jy kan nie hierdie stap uitlaat nie. DIE EERSTE TWEE STAPPE SAL NUTTELOOS WEES AS JY NIE 'N DADER VAN GOD SE WOORD WORD NIE. Deur Sy Woord te doen bewys jy dat jy glo wat jy bestudeer en oordink het. Baie mense sê hulle glo, maar glo is 'n werkwoord daarom moet daar aksie by wees.

Wat baat dit, my broeders, as iemand sê dat hy die geloof het, maar hy het nie die WERKE nie? Die (hierdie soort werklose) geloof kan hom nie red nie (Jak. 2:14).

Net so is ook die geloof, as dit geen WERKE het nie, in sigself dood (Jak. 2:17).

Want soos die liggaam sonder gees dood is, so is ook die geloof sonder WERKE dood (Jak. 2:26). En word DADERS VAN DIE WOORD en nie net hoorders wat julleself bedrieg nie (Jak. 1:22). Nie elkeen wat vir MY sê: Here, Here! Sal ingaan in die koninkryk van die hemele nie, maar hy wat DIE WIL DOEN van my Vader wat in die hemele is (Matt. 7:21).

Kan jy sien dat God oral van jou verwag dat jy sal doen wat jy sê dat jy glo?

Maar hy wat diep insien in die volmaakte wet van die vryheid (die Bybel) en daarby bly, hy sal, omdat hy nie 'n vergeetagtige hoorder is nie, maar 'n DADER VAN DIE WERK, gelukkig wees in wat HY DOEN (Jak. 1:25)

Die doel van hierdie studie is om te verduidlik hoe om oor te stap vanaf die natuurlike mens tot die geestelike mens en d.m.v. die herskepde menslike gees, voorspoedig en suksesvol te word. Let op hoe ons eerste drie stappe skakel met die drievoudigheid van die mens.

1. Eet die Woord: gees.
2. Bepeins die Woord: siel (verstand).
3. Doen die Woord: liggaam

STAP VIER – DIE RESULTAAT

BELEEF DIE WOORD: Dan sal jy in jou weë voorspedig wees, en dan sal jy met sukses handel.

Ons basiese strewe in die lewe is om vooruitgang te maak en suksesvol te wees. Dieselfde geld in ons geestelike lewens. As jy vra vir genesing verlang jy sukses.

As jy vra vir geldelike hulp verwag jy voorsiening. As jy bid verwag jy 'n antwoord! Daar moet beslis 'n manier wees waarop ons God se Woord kan laat werk want **God is wakker oor Sy Woord om dit te volbring! (Jer. 1:12) Sy Woord kan ne leeg na Hom toe terugkeer nie! (Jes. 55:11)** God sê: **Ek sal my verbond nie ontheilig nie, en wat oor my lippe gegaan het, sal Ek nie verander nie (Ps. 89:35).**

Volgens die heel eerste teks wat ons aangehaal het (Jos. 1:8) sien ons dat ons slegs kan baat en suksesvol wees NADAT ons die eerste drie stappe nagekom het. **Hierdie wetboek mag nie uit jou mond wyk nie (stap een), maar bepeins dit dag en nag (stap twee) sodat jy nougeset kan handel volgens alles wat daarin geskrywe staan (stap drie), WANT DAN sal jy in jou weë voorspoedig WEES en dan sal jy met goeie**

(Vervolg op Bl. 3)

(Vervolg vanaf Bl. 2 - Vier trappe…)

gevolg HANDEL (stap vier.)

Nou besef ons deeglik dat sukses eers behaal word NADAT ons die eerste drie stappe voltooi het – en let deeglik op dat ONS – EK EN JY moet OPTREE volgens God se voorskrifte eer God Sy Woord en seën jou. JY IS DIE SLEUTEL.

Ps. 1 skets vir ons wat gebeur as ons ons lewens afskei en die Woord bepeins. **Want hy sal wees soos 'n boom wat geplant is by waterstome, wat sy vrugte gee op sy tyd en waarvan die blare nie verwelk nie: EN ALLES WAT HY DOEN, VOER HY VOORSPOEDIG UIT (Ps. 1:3).**

3 Joh. 2 leer vir ons dat God ons wil seën gees, siel en liggaam en ook op materieële gebied. **Geliefde, ek wens dat dit MET JOU IN ALLES GOED MAG GAAN, en dat jy gesond is, soos dit met jou siel goed gaan.** Maar Johannes beklemtoon ook die doen van die Woord. **Wandel in die Waarheid (vers 4) moenie navolg wat kwaad is nie, maar wat goed is. Hy wat goed doen is uit God (vers 11).**

Ons moet die Woord gehoorsaam as ons verwag dat God Sy Woord in ons lewens moet eer. As ons finansiële voorspoed van God verwag moet ons dit verky volgens Sy voorskrifte: saai en oes.

Bring die hele tiende na die skathuis, sodat daar spys in my huis kan wees, en beproef my tog hierin, sê die Here van die leërskare, of EK VIR JULLE NIE DIE VENSTERS VAN DIE HEMEL SAL OOPMAAK EN OP JULLE 'N OORVLOEDIGE SEËN SAL UITSTORT NIE (Mal. 3:10).

En onderhou die ordeninge van die Here jou God deur te wandel in sy weë, deur Sy insettinge, Sy gebooie en Sy verordeninge en Sy getuienisse te onderhou, soos geskrywe is in die wet van Moses, SODAT JY VOORSPOEDIG KAN UITVOER ALLES WAT JY DOEN, en alles waartoe jy jou begewe (1 Kon. 2:3).

Let deeglik op die VOORWAARDES om iets van God te ontvang: onderhou Sy gebooie en verordeninge, wandel in Sy weë. Dit geld vandag nog in presies dieselfde mate vir ons.

1 Joh. 2:3-6: En hieraan weet ons dat ons Hom ken: as ons Sy gebooie bewaar. Hy wat sê: Ek ken Hom – en sy gebooie nie bewaar nie – is 'n leuenaar en in hom is die waarheid nie. Maar elkeen wat Sy Woord bewaar, in hom het die liefde van God waarlik volmaak geword. Hieraan weet ons dat ons in Hom is. Hy wat sê dat hy in Hom bly, behoort self ook so te wandel soos Hy gewandel het.

Soos ons aanhoudend God se Woord bestudeer leer ons wat Sy gebooie en verordeninge is, dan is ons gehoorsaam daaraan – gehoorsaam aan Sy Woord. Ons word sodoende daders van Sy Woord en ontvang die voordele en seëninge. So sal ons ook die innerlike mens hernu. Ons sal op hierdie wyse stappe neem om te wandel in 'n herskepte gees. Die resultaat: voorspoed en sukses.

GOD SE BELOFTES - DIE WOORD VAN JOU MOND

Wanneer jy woorde van twyfel, skande, sonde, vrees, gierigheid, nyd en haat spreek, praat jy die duiwel se taal en is jy vir daardie oomblike eintlik sy handlanger. As ons wedergebore Kinders van God is, is ons KIDNERS van God en eintlik verraaiers as ons steeds die duiwel se taal praat, want ons bou sy koninkryk in ons en andere sy lewens deur ons woorde. **Hoe bitter min ag gee party Kinders van God aan hulle woorde – geen wonder die Bybel verklaar dat onheilige en onsinnige praatjies sal voortgaan tot goddeloosheid nie.**

Spreuke 12:18: Die tong van die wyse is genesing. As jy heeldag kla en pyn en swakheid met jou mond bely, sal hierdie omstandighede gou deel van jou lewe word. Maar praat dikwels van Jesus en vreugde en vrede en Jesus Self bly by jou en verdryf die ellende. Natuurlik kom hierdie wyse van praat nie sommer oornag en vandself nie. Jy moet dit beoefen en konsentreer om die goeie te saai met jou mond.

CHRISTENDOM IS GEBASEER OP BELYDENIS (hardop spreek)

Rom. 10:9 en 10: As jy met jou mond die Here Jesus bely en met jou hart glo dat God Hom uit die dode opgewek het, sal jy gered word; want met die hart glo ons tot gergtigheid en met die mond bely ons tot redding.

Markus 11:23: ... Elkeen wat sê..... en nie in sy hart twyfel nie, maar glo dat wat hy sê, sal gebeur, hy sal verkry net wat hy sê.

Heb. 3:1: Daarom, heilige broeders, deelgenote van die hemelse roeping, let op die Apostel en Hoëpriester van ons belydenis, Christus Jesus.

Matt. 10:32 en 33: Elkeen dan wat My sal bely voor die mense, hom sal Ek ook bely voor my Vader wat in die hemel is. Maar elkeen wat My verloën voor die mense hom sal Ek ook verloën voor my Vader wat in die hemel is.

As jy bely met jou mond en glo met jou hart sal jy gered word. Jou belydenis is eintlik die verseëling van jou geloof. 'n Gelowige sal hê (ontvang) wat hy sê – dis 'n geestelike wet. Lees weer Heb. 3:1 aandagtig: wat ons hier op aarde bely, bely Jesus, ons Hoëpriester, voor die Hemelse Vader. Bely jy genesing, bely Jesus genesing; bely jou voorspoed, bely Jesus vir jou onthalwe voorspoed voor God. En dit word jou deel.

ONS MOET DIE WOORDE VAN GOD

(Vervolg of Bl. 4)

(Vervolf vanaf Bl. 3 - Vier trappe)

SPREEK

Ef. 5:19: Spreek onder mekaar met psalms en lofsange en geestelike liedere, en sing en psalmsing en julle hart tot eer van die Here.

1 Pet. 4:11: As iemand spreek, laat dit wees soos woorde van God....

Kol. 3:16: Laat die Woord van Christus ryklik in julle woon in alle wysheid. Leer en vermaan mekaar met psalms en lofsange en geestelike liedere, en sing in julle hart met dankbaarheid tot eer van die Here. 2 Tim. 4:2: Verkondig die Woord.... Dis nie net predikante of evangeliste wat God se Woord moet spreek nie, elke Kind van God is onderhewig aan hierdie bevel: verkondig die Woord! Nie preke of leerstellings nie; verkondig die WOORD VAN GOD. Moenie sê jy is te oud of het te min geleerdheid hiervoor nie. Die Kind van God het Jesus se wysheid (1 Kor. 1:30) en sal daarom Sy Woord kan verstaan en oordra as hy daarmee erns maak onder leiding van die Heilige Gees.

ONS WOORDE MOET GOD SE GENADE VERKONDIG

Kol. 4:16: Laat julle woord altyd aangenaam wees, met sout besprinkel, sodat julle kan weet hoe julle iedereen moet antwoord.

Ef. 4:29: Laat daar geen vuil woord uit julle mond uitgaan nie, maar net 'n woord wat goed is vir die nodige stigting, sodat dit genade kan gee aan die wat dit hoor.

Spreuke 15:26: .... Vriendelike woorde is rein.

'n Woord wat .... genade gee aan die wat dit hoor – 'n woord wat lewe gee, aanmoediging gee: beywer jou om daardie taal te leer ken. Daardie taal is die TAAL VAN GOD SE WOORD. ●

BELIEVE IN ORDER TO SEE

"..Every blessing in our life comes from Father God, in the name of Jesus, through faith and obedience to His Word. There is nothing clearer in the Bible than this; we must have FAITH (trust) in God and APPLY it! It is clear that man receives from the Lord ACCORDING TO HIS FAITH..."

Every blessing in our life comes from Father God, in the name of Jesus, through faith and obedience to His Word. There is nothing clearer in the Bible than this; we must have FAITH (trust) in God and APPLY it! It is clear that man receives from the Lord ACCORDING TO HIS FAITH.

Matt. 9:28-29: And when He had come into the house, the blind men came to Him. And Jesus said to them, "Do you believe that I am able to do this?" They said to Him, "Yes, Lord".

Mark 9:23: Jesus said to him, "If you can believe, all things are possible to him who believes."

Mark 11:22-23: So Jesus answered and said to them, Have faith in God. For assuredly, I say unto you, whoever says to this mountain, Be removed and be cast into the sea, and does not doubt in his heart, but believes that those things he says will come to pass, he will have whatever he says. (I believe that mountain can be that massive problem in your life)

Heb. 11:6: But without faith it is impossible to please Him, for he who comes to God must believe that He is, and that He is a rewarder of those who diligently seek Him. The Bible is clear on the fact that we please God by displaying our faith in Him and His ability, and conversely we grieve the heart of Father God when we display a lack of faith. Heb. 11:6 tells us that without faith it is impossible to please God and that God is a rewarder of those who diligently seek Him. Jesus always commended those who came to Him in faith when requesting healing. He would say, "your faith has made you whole" or "according to your faith so be it unto you." And yet we often come to our Heavenly Father with doubt in our heart, saying: "Heavenly Father, I know that You love me, because You sent Jesus, Your only Begotten Son, who paid for my sin on the Cross, and you bless and provide for me every day, yet I do not have enough faith or trust to believe that You will heal this illness."

This says one thing to me, that the person who prays in this manner does not have an intimate, personal relationship with his Heavenly Father!

In **1 Tim. 1:19 we read: "Holding faith and a good conscience, which some having put away concerning faith have made shipwreck."** The amplified Bible says: **"Keeping fast hold on faith (that leaning of the entire human personality on God in absolute trust and confidence) and a good, (clear) conscience. By rejecting and thrusting from them (their conscience), some individuals have made shipwreck of their faith"** The portion in brackets is such an excellent description of strong faith in God: **the leaning of the entire human personality on God in absolute trust and confidence**. When we maintain that kind of relationship with our Heavenly Father, there will definitely be no room at all for any doubt whatsoever! No one who really knows Jesus intimately, can ever doubt Him.

Another interesting scripture concerning faith is found in **Rom 12:3:**

(Continued from page 4 - Believe in order to see)

For I say, through the grace given unto me, to every man that is among you, not to think of himself more highly than he ought to think; but to think soberly, according as God hath dealt to every man the measure of faith.

Everyone who is born again through having accepted Jesus Christ as their personal Saviour and Lord, has a God given measure of faith, but this faith is actually like a seed which has to be fed and watered with the Word of God so that it can grow big and strong, for us to really be able to trust God fully. Once again emphasis is laid on the knowledge of the Word by which we build our relationship with our Heavenly Father, and by which faith increases.

The most well known scripture in the Bible concerning faith is probably **Heb.11:1: Now faith is the substance of things hoped for, the evidence of things not seen.**

Let us consider what this verse is saying. In the amplified Bible it is expounded thus: **Now faith is the assurance (the confirmation, the title-deed) of the things (we) hope for, being the proof of things (we) do not see and the conviction of their reality – faith perceiving as real fact what is not revealed to the senses.**

Here God teaches us that faith gives substance to the things which we hope for – it is proof of things we do not see. When we see with our physical eyes the manifestation of the things we have asked for, we do not need to have faith anymore! **2 Cor. 5:7** says: **For we walk by faith, not by sight.**

What does this mean in practise? How should we behave once we have asked our Heavenly Father for something, and are waiting and believing for the manifestation to take place? It is actually very simple and I will explain by using an illustration. Let's say I phoned you to say that I had sent you a box of orchids by train, and asked if it would be possible for you to collect them at the station the next morning. Your first reaction would be one of joy and gratitude and you would most probably thank me most profusely for such a wonderful gift. Remember that you have not yet laid eyes on the box of orchids, nor have you seen it's contents, but my word has been sufficient for you to react with jubilation, thanks and excitement! As you put down the phone, you start planning what to do with all the orchids that are on their way. A wonderful arrangement in the lounge, one on the mantelpiece, in the family room and of course some for Gran and your neighbour. How thrilled they will be. You thanked me as if you already had the flowers and made plans for their distribution – even before you had seen them! THAT'S FAITH – but in the word of a person. I am a fallible man and I could lie. God gives us His Word and His wonderful promises and He is not a man that He should lie, the scripture tells us in Numbers 23:19. Therefore if we ask Him for something according to His Will, according to a promise He has already given us in His Word, we need to react AS IF WE KNOW THAT IT IS ON IT'S WAY – THAT IS IF YOU BELIEVE HIM!

Begin by thanking Him for it and praising Him for His goodness in making it possible for you to receive it, even though you have not yet SEEN IT!

Let's use a case of physical healing. You may have been suffering from sinus headaches for ages, and a believer prays for you with the laying on of hands. After prayer you still have the headache, but you know that the Lord Jesus tells us in **Mark 11:24: Therefore I say unto you, what things soever ye desire, <u>when ye pray, believe</u> that ye receive them, and ye <u>shall have</u> them.**

You must BELIEVE when you <u>pray</u> – NOT WHEN YOU RECEIVE BUT WHEN YOU PRAY! THAT'S FAITH. You don't need faith when you receive, you need faith/trust when you pray! So you TRUST GOD FOR HIS HEALING THEN AND THERE and begin to thank Him for your healing regardless of any pain you may feel! You do not have to lie about it and say that there is no more pain when you can still feel it, but you can say: Thank you Lord for Your promise in Mark 16 that says "Those who believe shall lay hands on the sick and they **<u>shall recover</u>**. I believe Lord, and I thank you that I am recovering according to Your Word and promise. I expect to recover and the pain to go, because Your Word is forever established and I can trust You completely. By the wounds of Jesus I am healed" (1 Pet. 2:24). We do not walk by sight, but by Faith in God and His Word. Continue to thank and praise the Lord for your healing, and your complete healing will follow.

Once again take note of **Mark 11:24: Therefore I say unto you, what things soever ye desire, when ye pray, believe that ye receive them, and ye shall have them.**

By believing that you have received from the Lord WHEN YOU PRAY, and then thanking Him and praising Him UNTIL your answer to prayer comes to pass, is TRUE FAITH and TRUST, because you BELIEVE although you have not yet seen! In the world they say "Seeing is believing", but God says, "If you believe, you will see."

In **Rom. 12:3** we read: **For I say, through the grace given**

(Continued on page 6)

(Continued from page 5 - Believe in order to see)

unto me, to every man that is among you, not to think of himself more highly than he ought to think; but to think soberly, according as God hath dealt to every man THE MEASURE OF FAITH.

Paul is writing to the Church of Rome, the Body of Christ. If you are a member of His Body here on earth, you have "the measure of faith", just as does every other child of God. Remember, God does not have favourites, and because of this He gives to each one of us an equal measure of faith. This faith is a gift of God to you and to me. In **Eph. 2:8-9: For by grace are ye saved through faith; and that not of yourselves: it is the gift of God.** God actually gives the measure of faith by which we can believe for our salvation, but you have to work at it as an athlete trains towards perfection.

The way in which our Heavenly Father actuates this "God-given-faith" in us, is through His Living Word – the Bible. It is after all through His Word that we realised we were sinners in need of a Saviour, and that God loves us with an everlasting love that leads us to repentance. The Bible is God's chosen method, and there is no other way to obtain faith in Him.

Let us look once again at **Rom. 10:17: So then faith cometh by hearing, and hearing by the Word of God.**

That is why it is of the utmost importance that the true Word of God is read and preached in our places of worship, and by ourselves, and not man made doctrines. It is only by God's Word that our faith is fed and will grow. You know from experience what takes place in most of the churches these days. The minister pacifies his congregation with a message of some vague theology which goes over the heads of most of the congregation, instead of preaching the truth of God's Word concerning sin, repentance, forgiveness, judgement and the love of our Heavenly Father. This is probably why there are so few people actually coming to repentance in our churches, and even fewer growing in the knowledge of the ways and will of our Father God and His Son Jesus Christ. When it comes to Spiritual truths such as the infilling of the Holy Spirit, divine healing, miracles, Bible baptism and speaking in tongues, we are often told that it was just for the time of the formation of the "early church" and is no longer applicable for today. It is amazing how many people believe this lie when it is told to them from the pulpit and sadly the result is that many of them do not get victory in their lives because they are not being built up in their faith nor are they being enlightened through the Word of God.

The entire Bible is still relevant for today, so be sure not to be taken in by this contemporary error. Father God desires to have fellowship with His children on a daily basis and give them 'good gifts', just as He also gives Spiritual gifts to His Body to encourage and establish it. This truth is certainly still for today and there is no place in the Bible where it suggests that miracles (and the other Spiritual gifts) have ceased or existed only for a certain period of time.

Rom. 10:8: But what saith it? The Word is nigh thee, even in thy mouth, and in thy heart: that is, the Word of faith, which we preach.

God is telling us here, that His Word is in our heart and in our mouth! Out of the abundance of the heart, the mouth speaketh! This is why we must have God's Word in our heart, in fact our heart must be saturated with the Word of God, and then it will come forth from our mouth and will be the Word of Faith! In **Mark 11:23** Jesus says: **..... whoever says to this mountain, 'Be removed and be cast into the sea, and does not doubt in his heart, but believes that those things he says will come to pass, he will have whatever he says.**

Rom. 10:9-10: That if thou shalt confess with thy mouth the Lord Jesus, and shalt believe in thine heart that God hath raised him from the dead, thou shalt be saved. For with the heart man believeth unto righteousness; and with the mouth confession is made unto salvation.

In these two verses of scripture God shows us very clearly that the confession of our mouth is part of our conversion and salvation, because we believe that Jesus was raised from the dead and we confess Him as Lord. This is exactly why there can be no secret believers in the Lord Jesus as Saviour, because we must TELL what the conviction in our heart is concerning Jesus Christ, the Son of God. **Matt. 10:32** tells us: **Therefore whoever confesses me before men, him will I also confess before My Father who is in heaven.**

This instruction which God has proclaimed for the saving of our souls, is the key to receiving the blessings of God for every aspect of our life, nl. with your heart you believe and with your mouth you confess. It is with the heart, our inner spirit man, that we believe – believe God's Word, God's promises, NOT WITH OUR INTELLECT OR MIND because our mind is part of the natural man that wants to see before he will believe.

Rom17:10: So then faith cometh by hearing, and hearing by the Word of God.

•



UIT ONS KANTOOR

Geliefdes in die Here,

Tussen die baie pragtige boodskappe van simpatie en huldeblyke wat ons ontvang het met die heengaan van Dr. James, het ons gevoel dat ons hierdie een wil druk sodat almal dit kan lees.

Vyf-en-dergtig jaar gelede het ek eendag ‘n heel eerste maandblad van “Geloof in die Woord” ontvang, en soos met enige geestelike leesstof, het ek dit met geesdrif gelees. Sedert daardie dag het ek my hand in diè van daardie Christelike Sentrum span s’n geplaas waar Dr James van Zyl die ware touleier van ‘n kragtige span was. Deur die jare was jy, Meg en jul getroue span altyd daar, slegs ‘n telefoon oproep of ‘n brief ver, wanneer ek deur die diepste vloedwaters ooit moes gaan. En met God se hulp, en Dr James se kragtige gebede, is ek nog elke keer veilig deur elke seer krisis, elke vloed, tot op die oorkantse oewer gebring. Elke keer sterkter!

Dr James het my deur hierdie 35 jaar geleer dat dit nie noodwendig die dinge wat jy verloor het, is wat saak-maak nie, maar wat werklik saak – maak is dit wat jy nog oor het! Hy het my geleer dat net ek alleen die afstand tussen my en Jesus Christus kan meet, niemand kan dit namens my doen nie. En net ek alleen is verantwoordelik vir die keuses en besluite wat ek vandag maak, want dit beinvloed my toekoms vir die res van my lewe. Dr. James het my geleer dat hoe duurder ‘n mens jou geestelike ervaring gekoop het, hoe minder kan jy dit ooit weer afstaan. Die Heilige Gees het gekom om te bly!

Een ding kan niemand van my af wegvat nie: my geestelike herinneringe van Dr James van Zyl. Dis ‘n persoonlike skat wat toegesluit is in ‘n kluis waar niemand kan bykom nie.

Deur die jare het hy op sy landwye toere, besoeke, bedienings en met sy kragtige gebede, derduisende harte en siele gewen en aangeraak, oral in almal se harte sy spore nagelaat – iets wat onuitwisbaar is. Oral het hy ‘n voorbeeld gestel en die boodskap was: ‘n mens se lewe is nie afhanklik van jou aardse besittings nie, jou selfbeeld en karakter is ook nie aan aardse dinge gekoppel nie, maar aan jou Hemelse Vader. Mense kan alles van jou af wegvat, maar nie jou geloof en denke nie. Die Here sal nie iets in jou lewe laat gebeur as dit nie Sy Wil is nie!

Dr James was die lamp wat gebrand het, en ons was gewillig om ons ‘n rukkie in sy lig te verheug (Joh. 5:35). Hy het almal geleer dat dit nie die omstandighede is wat die deurslag gee nie, maar wat jy daarvan gaan maak. Kan daar ooit ‘n groter geskenk, wonder werk en nalatenskap wees as die feit dat jy van Jesus Christus ‘n nuwe lewe ontvang het? En dat Hy die middelpunt van jou lewe is. Wees dankbaar, want ‘n dankbare mens is ‘n lofprysende, gelukkige mens. Dr James was ‘n ware tuinmaker wat (volgens Jeremia 4:3 en 4) vir hom ‘n braak land geploeg het en nooit in die dorings gesaai het nie. Wat hy op aarde gesaai het, sal hy met vreugde oes! Hy het in die barre grond gegroei en het geblom waar hy geplant was. Sy hele lewe was ‘n pragtige kleuvolle blomtuin, maar hy het ook geweet sy Verlosser leef, en het na ‘n beter Vaderland verlang omdat hy gereed was vir sy laaste reis! Hy het voluit gelewe en ‘n mooi kunswerk daarvan op aarde gemaak – iets wat ek vir die res van my lewe sal onthou. Sy kroon sal bly skitter! (Psalm 132:18 (b)

Smart en verlies het verskillende vlakke waarop dit beweeg, maar alles los op, deur genade. Die dood is nie die afgaan van ‘n hooflig nie, maar slegs die uitdoof van ‘n kers, omdat die dagbreek gekom het. Die dood is ook nie ‘n tot-niet-maker nie, maar slegs ‘n gelyk-maker – ‘n nuwe sonskyn vorentoe.

Ons saluut ‘n opregte tent bewoner wat sy aardse tent opgerol het en verhuis het na sy Ewige Tuiste, waar God se teokrasie heers.

Ons gebede en innige medelye aan jou, Meg en julle familie wat sy arms al die jare hoog gehou het vir die werk wat hy in God se Koninkryk gedoen het.

Alle lof en eer aan ‘n Hemelse Vader wat vir hom oor ons lewenspad gestuur het. Bou voort op sy fondamente. Psalm 16:5-11.

Mev Annette van Tonder, Piketberg

Net soos Dr. James in sy laaste dae op aarde ons aangemoedig het om aan te hou om die Evangelie te verkondig en vir die siekes te bid, is ons vasbeslote om dit te doen as God wil en dankie vir jul wonderlike aanmoediging, gebede en ondersteuning wat ons werklik waardeer en dit vir ons moontlik maak.

Wees verseker van ons gebede vir julle en ons liefde in Jesus.

Baie liefdegroete

Meg en die Gebedspan

GELOOF IN DIE WOORD / FAITH IN THE WORD

Daar is geen kopiereg op enige van ons kassette en visuele materiaal nie en daarom wil ons u aanmoedig om kopieë daarvan te maak en te versprei so dat die Woord van ons Hemelse Vader uitgedra kan word. Ons vra egter dat dit nie gedoen sal word vir finansiële gewin nie.

***

There is no copyright on any of our audio and visual material, and therefore we would like to encourage you to copy and distribute in order to spread the Word of God. We do however request that this is not done for financial gain.

Spesiale woord van Dank

'n Spesiale woord van dank vir die kosbare bydraes wat direk in ons bankrekening inbetaal word.Dit is vir ons baie belangrik om vir u 'n persoonlike bedankings briefie te stuur, daarom versoek ons u om asseblief u deposito strokie, met u volle naam en volle adres te pos of te faks. Ons sal dit ook waardeer as u vir ons u naam en adres langs u deposito strokie neer skryf wanneer u dit faks,

KENNISGEWING

Ons het 'n lys beskikbaar van boeke en Cd's met hul pryse. Indien u meer inligting verlang oor wat beskikbaar is of 'n bestelling wil plaas, kontak ons asseblief sodat ons die lys na u kan faks of E-pos.

Dit het ook volledige inligting hoe om 'n bestelling te plaas, bank inligting ens. Ons E-pos adres is: stangerchristiancentre@gmail.com en ons faks nommer is: 032:5525411. Ons het ook 'n internet adres en dit is: www.stangerchristiancentre.com, u kan al ons boeke daarop sien en hulle kosteloos aflaai.

Ons Bankbesonderhede is: Stanger Christian Sentrum, Eerste Nasionale Bank, Rek. No 53730091667, Tal Kode: 220129, Stanger.

UIT DIE SKATKIS VAN DIE HERE....

VIR DIE EINDE VAN ALLE DINGE EN 'N NUWE BEGIN

Dankie dat U hierdie wêreld weer sal ophef sodat ek in 'n land van vrede met U kan leef, waar daar geen beproewing of lyding of droefheid is nie. Ek weet dat U nie belowe het dat ek volmaakte vrede in hierdie lewe sou hê nie, maar ek bid dat U my meer sal gee. Lei my elke nuwe seisoen van die lewe in met oorwinning. Soos U elke oomblik opnuut skep, bid ek dat U barmhartigheid oorvloedig sal wees en dat U my sal help om , soos ek behoort te doen, op U Woord en Gees te mediteer. God, ek het nodig dat U my help onthou van U getrouheid.

Moedig my asseblief aan wanneer ek op U beloftes mediteer en die einde wat U vir my voorgeneem het. Help my asseblief om die doelwit waarna ek strewe te bereik. Help my om gereeld te mediteer dat hierdie wêreld nie my tuiste is nie. Help my dat ek 'n hart sal hê ingestel op pelgrimstogte. Dankie vir die hoop wat U my gee. Ek laat my geloof ten volle op U rus. Skrif om oor na te dink: "En ek het 'n groot stem uit die hemel hoor sê: Kyk, die tabernakel van God is by die mense, en Hy sal by hulle woon, en hulle sal sy volk wees; en God self sal by hulle wees as hulle God. En God sal al die trane van hulle oë afvee, en daar sal geen dood meer wees nie; ook droefheid en geween en moeite sal daar nie meer wees nie, want die eerste dinge het verbygegaan. En Hy wat op die troon sit, het gesê: Kyk, Ek maak alles nuut. En Hy het aan my gesê: Skryf, want hierdie woorde is waaragtig en betroubaar. En Hy het vir my gesê: Dit is verby! Ek is die Alfa en die Omega, die begin en die einde. Aan die dorstige sal Ek gee uit die fontein van die water van die lewe, verniet. Hy wat oorwin, sal alles beërwe; en Ek sal vir hom 'n God wees, en hy sal vir My 'n seun wees (Openb. 21:3 – 7).

God bedoel vrede vir jou en 'n plek waar Hy elke traan sal afvee. Neem tyd om vandag oor Sy getrouheid te mediteer. Nie meer lank dan sal hierdie lewe eindig en sal jy saam met die Here in vrede wees. Dit is goed om ons denke te aou op die prys wat voorlê. Rus in Sy hoop, want op die regte tyd, as jy getrou in Hom wandel, sal jy dit ontvang. Let op dat Hy sê: "Hy wat oorwin". Wees een wat deur geloof oorwin. Triomfeer oor beproewings deur Christus. Prys Hom in alle dinge deur geloof. Word gevind in getrouheid. Oorwin alle dinge deur oor te gee aan Sy liefde en die werke van liefde wat Hy vir jou beplan het. Ons sê nie om 'n "werke mentaliteit" te hê nie, maar om Sy Gees te gehoorsaam, hou aan met geloof deur Hom daarin te loof en in liefde te wandel soos ons moet. Mediteer oor Sy gawe. Want gou sal elke deel lyding verdwyn en sal jy jou vorige pyne vergeet. ●